

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
19 November 1978

Onderwerp: Wees sterk deur Jesus se genade
Jeugdiens: Matriekafskeid

Lees: 2 Timótheüs 2 verse 1 tot 13

Teks: 2 Timótheüs 2 vers 1

Sing: Psalm 33 verse 1 en 11
Gesang 305 vers 1
Gesang 47 verse 1 en 5

“Wat ’n fantastiese tyd om ’n jongmens te wees. Seker nooit tevore het die wêreld vir ’n jongmens soveel uitdagings en geleenthede gebied nie.

“Stem u saam? Is dit ’n fantastiese tyd? Óf moet ons eerder sê dit is ’n moeilike tyd, ’n onbenydenswaardige tyd om nou jonk te wees?

“As kinders leer jongmense sekere norme en waardes, waarna hulle die wêreld ingestuur word. Daar word hulle met ’n geestes- en denkklimaat gekonfronteer, wat met alle mag op hulle afstorm om daardie beginsels onder hulle uit te slaan.

“Hoe moet hulle weerstand bied teen strominge en woelinge wat vroeër onbekend was? Broers en Susters, deur mekaar dikwels in hierdie tyd met die woorde in ons teksvers te bemoedig: ‘Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat in Christus Jesus is’. (2 Tim 2:1)

“Ons leef in ’n tyd waarin daar geen plek vir bang en selfbejammerende mense is nie. Dit is nodig dat ouers hulle kinders in hierdie dae met hierdie woorde versterk.

“Die sterkte wat Paulus die jongeling Timótheüs toegewens het, het betrekking gehad op die uitvoering van sy plig ten opsigte van die verkondiging van die Evangelie. Timótheüs moes hom daarin soos ’n goeie soldaat gedra het. Om aan die wêreld te getuig van Jesus Christus, is soos om ’n oorlog te veg. Om ’n getuie vir Jesus Christus te wees, is nie ’n minder gevaarlike taak nie. Dit verg dieselfde krag en toewyding en dissipline as wat van ’n goeie soldaat verwag word.

“Daar is veral drie belangrike sinsnedes in ons teksgedeelte wat ek onder u aandag wil bring: ‘my seun’, ‘wees sterk’ en ‘deur die genade wat in Christus Jesus is.’

“Dit is duidelik uit die woorde ‘my seun’ dat die verhouding tussen Paulus en Timótheüs iets besonder was. Dit was nie ’n soetsappige sentimentele aanspreekvorm nie. Nee, Paulus was opreg. Dit het ’n teerheid teenoor Timótheüs weerspieël. Hulle het mekaar verstaan en kon dus met mekaar praat. Paulus se hart was oop vir hierdie jongman. Daar was in hierdie woorde sprake van ’n ferme hand en die warm hart van ’n vader. Een wat werklik verstaan het en uit ervaring gepraat het. Derhalwe wou hy die só noodsaaklike vertrouwe by hierdie kind inboesem.

“Hierdie woorde wys dat Paulus rekening gehou het met Timótheüs se onervarenheid en jeugdigheid. Dit het ook Paulus se kommer, belangstelling, betrokkenheid en ondersteuning weerspieël. Hierdie jongeling het geweet dat die ouer en meer ervare Paulus langs hom in die stryd gestaan het. Daar was nie ’n sogenaamde generasiegaping tussen hulle nie.

“Maar Broers en Susters, vandag praat ons van ’n kommunikasie gaping tussen ouers en kinders. En ons skryf dit toe aan die tempo waarteen ons leef. En ons moet toegee, dat ons in hierdie gejaag, kontak met ons kinders verloor het.

“Maar dit hoef nie so te wees nie. Dit sal ook nie so wees as ons kinders vir ons waarlik ‘my seun’ en ‘my dogter’ bly nie; en as ons vir ons seuns en dogters hulle ‘vader’ en ‘moeder’ bly nie.

“Die jeug is in ons tyd in meer as een opsig belangrik. Hulle het ’n belangrike taak in ons Westerse wêreld. Hulle het ’n uitdagende verantwoordelikheid in Suid-Afrika en plig in die Kerk van Jesus Christus. Hulle word op die voorfront gestoot as getuies van die Here Jesus, om bewys te lewer van die kwaliteit en integriteit van Christenwees.

“Maar, Broers en Susters, hulle het ons bystand nodig. Hulle moet in hierdie situasie weet dat hulle ons ‘seuns’ en ‘dogters’ is. Dat ons nie verwyderd van hulle staan nie, maar dat ons saam met hulle, langs hulle, op die pad is. Dat hulle, al is hulle fisies ver van ons verwyderd, nogtans kan reken op ons voorbidding. Voorbidding vir ‘my seun’ en ‘my dogter’ om God se genade en krag, dat jy staande kan bly in die hitte van die stryd.

“Seuns en Dogters, daar sal op julle pad versoekings kom. Die duiwel verstaan die kuns om ’n ding anders aan te bied as wat dit werklik is; om dit vir julle te kamoefleer, sodat dit vir julle mooi en begeerlik en

toelaatbaar lyk. Dit doen hy veral met die sogenaamde vrye liefde.

“Hoe baie het nie al in hierdie vangnet en kuil van vernietiging beland nie? Hulle het té laat uitgevind dat die bloeisels afgepluk is en dat daar geen vrug verwag kan word nie.

“Dit is ’n versoeking wat op enigeen se pad kom. En dit sal dwaas wees om te sê dat dit my nie sal oorkom nie. Of vir ’n ouer wat sou sê: Ek het my kind reg opgevoed. Hierdie versoeking sal nie op sy of haar pad kom nie.

“Daar is net een plek waar ons veilig is. Dit is as jy kan sê: Ek behoort aan Jesus Christus. Hy sal my bewaar.

“Paulus het Timótheüs met oortuiging aangespoor met die woorde: ‘wees sterk’. Dit wil sê hy moes ten alle tye met moed en geloof opgetree het. Seuns en Dogters, dit is só dat julle meer as ander beskik oor die volle krag van die lewe. Maar hoor hier, in die aangesig van gevaar, ver van jou ouerhuis, is dit moontlik dat julle bang en moedeloos sal word. Wees daarom sterk in Christus Jesus, dan sal julle kan volhard en oorwin.

“Die beelde wat Paulus hier gebruik het, dui op die eis van volharding en toewyding aan die taak. Die krygsman hou hom nie besig met alledaagse werk nie, maar met die taak waarvoor hy geroep is, naamlik om soldaat te wees. Die man wat aan die wedstryd deelneem, word net bekroon as hy volgens die reëls van die wedstryd volhard. En die landbouer kan alleen die vrug van sy handarbeid eet, as hy hard werk. Die kind en getuie van Jesus Christus mag nie omdraai en mag nie moed verloor nie. Sy taak vra sy volle sterkte en krag. Daar is nie plek vir lafaards en drosters in die koninkryk van God nie.

“Ons moet nie vergeet dat ons midde in die wêreld met al sy bedrywighede en gevare staan nie. En ons mag nie hier soos ’n bewende riet in die wind staan nie. God vra sterk mense. Dit wil sê Seuns en Dogters wat met oorgawe hulle plek in die lewe inneem. Seuns en Dogters wat in hierdie wêreld van permissiwiteit standpunt inneem en sê: Ek behoort aan Jesus Christus. Ek wil sy wil doen. Hy sal my bewaar.

“Seuns en Dogters, in tye as die donker wolke saampak en julle in die drukgang van beproewing en nood verkeer, toon dan aan die wêreld wat watter Christelike stoffasie julle gemaak is. Onthou ’n Christen hardloop nie weg van sy plig en uitdaging nie. Nee, hy staan vas. ’n Christen is iemand wat glo dat God se Kerk

en God se ryk nooit sal ondergaan nie. Gelukkig is die Kerk wat in krisistye sulke jongmense het.

“Is jy een van hulle? Kan jy vir ’n uitdagende en tog onbekende toekoms sê: ‘Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.’ (Rom 8:38,39)

“Die belangrikste sinsnede in ons teks en juis die geheim van ons sterkte is: ‘wees sterk deur die genade wat in Christus Jesus is’. Dit sê vir ons: Geeneen van ons kan die taak uit onself volbring en sukses behaal nie. Die geheim is Jesus. Jy kan daarop reken dat as jy by Jesus skuil, jou toerusting beter is as al die wapens van die vyand.

“Jesus Christus staan agter jou. Hy stuur jou nie alleen die stryd in nie, maar Hy is met jou al die dae. Die genade van God maak ons nie net sterk nie, maar breek al die skanse van die vyand af. Ons weet dat die sterkte van Jesus Christus se genade genoegsaam is, selfs in die aangesig van die dood. Daarom bid ons vir julle: Wees sterk.

“Het jy Jesus gekies?

“Ek wil afsluit. Voor ons vanmôre die Bybel toemaak, moet ons ’n laaste vraag beantwoord. In Mattheüs 19 het ’n jongeling na Jesus gekom met die vraag: ‘Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?’ (Matt 19:16) Waarop Jesus geantwoord het: ‘as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie.’ (Matt 19:17) Maar hierdie jongeling het nie kans gesien vir daardie aangewese weg nie.

“Maar wat van jou? Sien jy kans? Langs watter weg dink jy gaan jy die ewige lewe ingaan? Miskien moet ek vra: Het jy al ernstig oor die ewige lewe gedink?

“Dit is ’n lewe wat nie eers na die dood begin nie. Nee, dit begin hier op aarde wanneer jy Jesus as jou persoonlike Saligmaker en Verlosser aangeneem het. Die Apostel Johannes het geskryf: ‘En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.’ (Joh 17:3)

“As jy Jesus aangeneem het, loop jy met Hom saam op die pad van die ewige lewe. En dan word die pad vir jou ’n heerlike avontuur. Om iets saam met Jesus te soek, of dit nou ’n staanplek in die lewe is, of ’n lewensmaat, en om dit uiteindelik saam met Jesus te ervaar en te geniet, is om van die lewe ’n fees te maak.

Gelukkig is die jongeling wat in sy soektog na baie dinge, reeds sy God gevind het.

“Hoe is dit met jou gesteld? Sal jy bedroef moet omdraai, soos die jongman, omdat die weg wat die Here aandui te veel verg?

“Dan is dit my plig om te vra: Waarheen is jy oppad? Dink jy dat jy die pad sonder Jesus kan loop?

“Jesus Christus het gesê: ‘Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.’ (Joh 14:6) Hulle wat hulle rug op Jesus Christus draai, kies die dood en duisternis.

“Daarom my Seun en my Dogter ‘wees sterk deur die genade wat in Christus Jesus is’.

“Amen.”